basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS 2015**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**
**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**GRAAD 4**

## Inleiding

Die 2015-siklus van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA 2015) sal plaasvind in alle publieke en aanbevole onafhanklike skole[1] in September 2015. Gedurende die periode sal alle leerders in Grade 4-9 op nasionale vlak vooropgestelde toetse in Huistaal en Wiskunde skryf. Die uitslae sal gebruik word om progressie te monitor teenoor die doelwitte wat daargestel is soos uiteengesit in die *Plan van Aksie 2015, Verwesenliking van Onderwys 2025.*

Die JNA toetse word in die derde kwartaal geskryf, daarom het Die Departement van Basiese Onderwys (DBE) assesseringsriglyne ontwikkel vir elke graad en vak (Huistaal en Wiskunde) wat die minimum kurrikuluminhoud uitlig wat onderrig moet word voor die skryf van die toetse. Die assesseringsriglyne definieer die omvang van die werk wat gedek word in die toetse vir elke graad en vak.

Die JNA 2015 Assesseringsriglyne is ontwerp in lyn met die kurrikulum verklaring wat in die fase geïmplimenteer is.

## INTERMEDîERE FASE

In Graad 4-6, sal die toetse die werk dek wat voorgeskryf is vir die eerste drie-kwartale van die skooljaar. Vir hierdie grade is die Assesseringsriglyne in drie kolomme en rye verdeel: Vaardighede; Inhoud; en Spesifieke Vaardighede.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die JNA 2015 Assesseringsriglyne nie impliseer dat die afgebakende werk al is wat gedurende die skooljaar onderrig en aangeleer moet word nie. Derhalwe, voorsien die Assesseringsriglyne die mininum vereistes wat gedek moet word aan die einde van die derde kwartaal.

Onderwysers word versoek om hierdie Assesseringsriglyne saam met ander bronne te gebruik vir hulle onderrig en assesseringsprogramme

**1 “Onafhanklike” skole is die skole wat aansoek gedoen het en hulle Graad 3 en 6 leerders geregistreer het om die JNA te skryf vir versekerde waarborg vir Staatsubsidie.**

| Vaardighede | Inhoud | Strategieë en Vaardighede |
|---|---|---|
| **Lees en Kyk** | **AANBEVOLE/VOORGESKREWE TEKSTIPES:**<br>**Stories**, bv. kontemporêre, realistiese fiksie, tradisionele stories (mites en legendes, volksverhale, fabels), avontuurverhale, wetenskapfiksie, biografieë, historiese fiksie.<br><br>• **Inligtingstekste**, bv. prosedures, feitelike verslae, tekste met algemene inligting, inligtingsverslae.<br><br>**. Poësie**<br><br>• **Mediatekste** soos koerantberigte. | **Gebruik lees strategieë:**<br>- Verstaan die teks<br>- Vluglees en soeklees (leesbegrip)<br><br>• **Kenmerke van teks**<br>- Kennis van titels<br><br>• **Teks strukture:**<br>- Lys, sekwensiële order, beskrywings, prosedures, Hoof- en ondersteunende en narratiewe volgorde<br><br>• **Teks inhoud:**<br>- Maak afleidings: oorsaak en gevolg<br>- Gee eie opinie met rede.<br>- Identifiseer die hoof idee.<br>Opsom van hoof- en ondersteunende idees<br><br>• **Poësie:**<br>- Identifiseer die tema.<br>- Beeldspraak, ritme en rym<br>- Letterlike en figuurlik.<br>- Woord keuse en emosionele reaksie |

| | | |
|---|---|---|
| **Taalstrukture en -taalkonvensies** | Die inhoud wat gedek moet word, word hieronder aangedui.<br>Strategieë en sub-vaardighede: Leerders moet in konteks die taalstrukture en –konvensies hier gelys identifiseer en verstaan. Hulle moet ook leer om die reëls toe te pas.<br>Woordeskatontwikkeling (woordeskatuitbreiding) is ingesluit in die onderstaande (konteks). Hulle moet ook leer hoe om reëls toe te pas. | **SELFSTANDIGE NAAMWOORDE**<br>Soortname: , byvoorbeeld boek – boeke (meervoud), geslag, byvoorbeeld man – vrou en die kleintjies van diere, byvoorbeeld ŉ baba perd word ŉ vulletjie genoem.<br>Gebruik eiename korrek, byvoorbeeld Botha (met hoofletter geskryf).<br>**VOORNAAMWOORDE**<br>Die gebruik van persoonlike voornaamwoorde soos ek, jy, hy, ons en onpersoonlike voornaamwoorde, byvoorbeeld dit –**Dit** het gebreek (in plaas van die venster)<br>**BYVOEGLIKE NAAMWOORDE**<br>Die gebruik van byvoeglike naamwoord voor selfstandige naamwoorde (attributief), byvoorbeeld - Die klein hond.<br>**VERSAMELNAME**<br>Byvoorbeeld: ŉ Skool visse en ŉ swerm bye.<br>**ONTKENNING**<br>Ontkennende vorm moet nie korrek gebruik word.<br>Byvoorbeeld: Ek eet nie kos nie.<br>**WERKWOORDE**<br>Hoofwerkwoorde, byvoorbeeld die selfstandige werkwoord in die sin: Kom **eet** saam met my. Hulpwerkwoorde, byvoorbeeld werkwoorde wat nie op hul eie in bepaalde sinne gebruik word nie, soos – Sy **het** by my geëet.<br>**TYDSVORME**<br>**Gebruik tydsvorm geskik vir soort teks wat bestudeer word, insluitende:**<br>• Die teenwoordige tyd, byvoorbeeld : Ons **eet** vandag/nou lekker.(die hede).<br><br>**Gebruik tydsvorm geskik vir soort teks wat bestudeer** |

| | | |
|---|---|---|
| | | **word, insluitende:**<br>• Die verlede tyd, byvoorbeeld: Ons het gister/verlede week lekker geëet. (tyd wat verby is).<br><br>**Gebruik tydsvorm geskik vir soort teks wat bestudeer word, insluitende:**<br>• Toekomende tyd, byvoorbeeld: Ons **sal** volgende naweek lekker eet. (verwys na wat nog moet gebeur).<br>**<u>BYWOORDE</u>**<br>Begin om bywoorde van tyd, byvoorbeeld môre, vroegoggend; bywoorde van plek, byvoorbeeld tuis, buite; bywoorde van wyse, byvoorbeeld stadig, vinnig te gebruik.<br><br>**<u>VOORSETSELS</u>**<br>Voorsetsels in vrye verbindings (kan wissel in verskillende sinne), byvoorbeeld: Sy sit **langs** die tafel.<br><br>**<u>VOEGWOORDE (VERBINDINGSWOORDE)</u>**<br>Gebruik voegwoorde wat sinne en frases aanmekaar las, byvoorbeeld: Hy het laat gekom **en** die vliegtuig verpas. verbindings.<br>Gebruik voegwoorde wat kontras (teenoorgestelde) aandui, byvoorbeeld: Ek lees graag, **maar** hy sing.<br>Gebruik voegwoorde wat rede aandui, byvoorbeeld: Hulle swem vroeg, **want** dit is koeler.<br>**<u>VOORVOEGSELS</u>**<br>Byvoorbeeld: gelukkig - ongelukkig<br>**<u>SINSKONSTRUKSIE</u>**<br>Skryf enkelvoudige sinne – het net een werkwoord, byvoorbeeld: Die motor **ry** vinnig. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Skryf vraagsinne – ʽn vraag word gevra, byvoorbeeld: <u>Wat maak jy daar?</u><br>Gebruik direkte rede.<br><br>**<u>PUNKTUASIE</u>**<br>Hoofletters, punte, kommas, vraagtekens uitroeptekens, aanhalingstekens, dubbelpunte, koppeltekens.<br>Gebruik hoofletters vir eiename, titels en mense se voorletters.<br>Gebruik kommas om selfstandige naamwoorde in ʽn lys te skei.<br>Gebruik aanhalingstekens vir direkte rede.<br><br>**<u>WOORDESKATUITBREIDING</u>**<br>**Begin verstaan en gebruik:**<br>**-Sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis, byvoorbeeld reusagtig/massief).<br>**-Antonieme** (woorde met min of meer die teenoorgestelde betekenis, (byvoorbeeld hard/sag)<br>**- Homonieme** (woorde uit verskillende tale met dieselfde uitspraak, wat dieselfde gespel word, maar verskillende betekenisse het, byvoorbeeld bank (instansie) en bank (om op te sit).<br>• **Verkortings**, byvoorbeeld televisie/TV<br>• **Afkortings** – ʽn woord korter maak deur klanke daarvan weg te laat, byvoorbeeld asb. vir asseblief.<br>Akronieme (afkortings wat uit een of meer beginletters van twee of meer woorde saamgestel is en soos woorde uitgespreek kan word), byvoorbeeld WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal) |

| | | |
|---|---|---|
| | | **SPELLING EN SPELPATRONE**<br>Herlees eie geskrewe stuk en korrigeer spel- en skryffoute.<br>**SPELREëLS**<br>***Pas spelreëls toe:***<br>• Verdubbeling van konsonante en vokale.<br>• Woorde op d/t en woorde met i/ie.<br>• Kappie en deelteken.<br>• Los en vas skryf van woorde. |
| **Skryf en Aanbied** | Skryf van woorde, byvoorbeeld in woordelyste:<br>• Skryf van sinne<br>• Skryf van paragrawe<br><br>• Kreatiewe skryfwerk<br>• Beskrywende Skryfwerk, byvoorbeeld beskrywings van mense, plekke, diere, plante voorwerpe, ensovoorts.<br><br>• Verhalende tekste soos stories, persoonlike vertellings, dagboekinskrywings, outobiografieë. | **Pre-skryf/beplanning**<br>• Oorweeg teikengroep en doel.<br>• Oorweeg skryfvorm.<br>• Hou ‘’n dinkskrum met behulp van kopkaarte(geheuekaarte)/lyste.<br>• Organiseer idees.<br><br>**Eerste weergawe**<br>• Woordkeuse volgens vereistes van teks.<br>• Woordstrukture (bou ban sinne).<br>• Hoof- en ondersteunende idees.<br>• Kritiese lees van eie skryfwerk.<br><br>Hersiening, redigering, proeflees en aanbieding<br>• Hersien: verbeter inhoud en struktuur van idees.<br>• Verfyn woordkeuse, sin- en paragraafstruktuur.<br>• Redigeer (wysig): korrigeer foute in grammatika, spelling en punktuasie.<br>• Skryf netjiese, leesbare finale weergawe. |